


verkies die "stillê-metode" bloot net omdat daar 'n moontlikheid is om nie gebyt te word nie. Gelukkig is die kewers altyd op soek na beter weivelde en 'n stillê duur selde meer as 10 minute. Ek wens dikwels dat my hare Simpson-lengte was sodat ek met pyp en al kon opstaan en dit wat nie in my broekspyp hoort nie, uitskud wanneer dit nodig is.

In pyp J5 het 'n ystervark besluit om homself tuis te maak. Gewoonlik is hy nie tuis as ek die pyp besoek nie en die paar maal wat hy wel daar was, het ek, sonder dat hy eers wakker word, die swaelnes besoek en die nodige aantekeninge gemaak. Een oggend vroeg, net na sonop, het ons gelyk by J5 aangekom. Eintlik was ek 'n rapsie voor hom daar, want ek was al vollyf in die pyp toe ta ewe rustig van die ander kant af inkom. Ek lê doodstil soos dit enige onderdanige indringer betaam, maar miskien was dit die fout, want hy gewaar my eers toe hy twee meter van my af is. 'n Ystervark het mos nie verniet penne nie en toe hy

my sien, vlerk hy hulle uit in alle rigtings om te wys hoe kwaad hy is en daar sit hy vas! Terug kan hy nie, en ek sien sommer hoe werk sy brein om te dink hoe hy vorentoe by my verby gaan kom. Ek maak toe maar 'n beweging wat aandui dat ek in trurat is en dit spoor hom aan om vorentoe te storm. Die volgende waarvan ek weet is dat ek buite die pyp lê met nerfaf knieë en 'n paar ystervarkpenne wat in my waterskoene en bo-been bly steek. Wat van die ystervark geword het, weet ek nie so mooi nie, nie dat ek werklik 'n brandende begeerte gehad het om uit te vind nie.

Nou het ek nog nie eers gepraat van die baie knopiespinnkoppe, bewende "daddy longlegs" en bloedsuiende stinkgoggas wat maar altyd daar in die pype teenwoordig is nie. Dit wil voorkom asof die swaeltjies die enigstes is wat nie omgee dat ek in die pype inkruip nie, nog nooit het een van hulle my bestorm of gebyt nie! Wat 'n mens darem nie alles vir "NAVORSING" sal doen nie né?! 

DIE GRONDDAM OP FLORISBAD GROTER EN DIEPER GEMAAK



Om die opvoedings- en navorsingpotensiaal van Florisbad-navorsingstasie uit te brei, is die bestaande dam op die terrein onlangs vergroot en verdiep. 'n Groot veskeidenheid plante, inheems

aan die deel van die OVS, is om die dam aangeplant om soveel voëls as moontlik te lok. Die dam sal beslis 'n groot bydrae lewer tot die opvoedingspotensiaal van Florisbad.